# Brokkies Nuus—Brenties
# Junie 2014

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

"Be a light in the dark world, for Jesus!"

## Gr 1— Eendag as ek groot is …….

wil ek die president wees!!!! Moses was ons Bybelfiguur president! Saam met Kaleb en Joshua was ons spioene en saam met die volk het ons om Jerigo gestap, ramshorings geblaas en geskree. Saam met Simson het ons verklaar " Ek sal my krag in God vind"!









WEL? Wat dink JY? Wie IS Jesus??

Hierdie kwartaal was GEVUL met emosies! Ons voel soms bang, soms teleurgesteld en soms hartseer! Mense in die Bybel het presies dieselfde gevoel. Jesus het deur wonderwerke 'n verskil in hul lewens gemaak, en Hy kan NOU nog vir ONS OOK!

## Graad 3—Hoop vir Kinders



***Gedurende die 2de kwartaal het ons gr3 groep geleer wat is die Goeie nuus, hoe om dit op 'n praktiese, maar maklike interaktiewe manier aan ander mense oor te dra. Die ore en brille het ons geleer hoe om met Jesus ore te luister, en met Jesus oë te kyk na mense rondom ons se lewens, gevoelens en optrede. Tydens die Hemel les, het Wilna vir ons gedans: "I can only imagine"***

***Ons leer die Waarheid deur sing, speel, kompetisies, en Bybelversmemorisering.***



## Gr 4 — Ontdekkers Klub …

Hierdie kwartaal het ons die waarhede rondom die skepping van die aarde en die mens geleer. Ons het 'n nuwe lied: Sing, sing, sing met "moves" geleer en lekker gesoek na weggesteekte skatte om ons kernvers en boodskap te ontdek.

**Dankie vir jou gebede en liefde !**

**Juanita Lee**
**072 637 4882**







